# DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK SE YWER VIR 'N EIE HAWE EN A. McCORKINDALE SE ROL IN VERBAND DAARMEE*

Toe die Voortrekkers gedurende 1836 en daarna die Kaapkolonie verlaat het, het hulle besef dat ter wille van hulle geestelike en ekonomiese voortbestaan, kontak met die buitewêreld gehandhaaf moet word en dat dit daarom onmoontlik was om iewers in die binneland onder geïsoleerde omstandighede 'n verwilderde bestaan te voer. Om dié rede was dit uiters belangrik dat waar die nuwe staat ook al gestig mag word, dit oor 'n verbinding met die see moes beskik en om nie weer onder 'n Britse ekonomiese wurggreep te beland nie, moes die hawe onafhanklik van Brittanje wees.

Hierdie oortuiging was kenmerkend van al die Voortrekkerleiers. Oor die vraag watter hawe die beste aan hierdie verwagting sou voldoen, was daar egter nie eenstemmigheid nie. Terwyl Piet Retief en ander leiers, voorkeur aan Port Natal gegee het, was Potgieter ingestel op 'n hawe verder noord en as daar nie 'n eie hawe gevind en ontwikkel kon word nie, was hy heeltemal tevrede om van een of ander van die Portugese hawens gebruik te maak. Gedurende die belangrike vestigingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek toe ook oor hierdie vraag uitsluitsel gekry sou moes word, het Potgieter se groot tydgenoot, Andries Pretorius, nie met hom saamgestem oor die nut en voordeel van Delagoabaai as 'n geskikte hawe vir die Republiek nie. Omdat hy Delagoabaai en omgewing as te ongesond beskou het en omdat hy handelsverbindinge met Natal baie belangrik geag het, het hy voorkeur aan Port Natal gegee.[1] As 'n gevolg van hierdie verskil in standpunt tussen die twee toonaangewende Transvaalse leiers, kon daar geen aanvaarde beleid met betrekking tot 'n eie hawe vir die Republiek ontstaan nie.

Vroeg in 1853 sou nog 'n derde opvatting ontstaan wat die moontlikheid ingehou het om die twee ander botsende opvattings te oorbrug en eenstemmigheid oor hierdie belangrike saak in die hand te werk. In Januarie 1853 het E. Morewood, vroeëre hawemeester van die Republiek Natal en dus 'n persoonlike vriend van Andries Pretorius, in 'n brief aan laasgenoemde die noodsaaklikheid beklemtoon dat die Republiek, wil dit ryk en voorspoedig word, 'n eie hawe moes besit. Hieraan voeg hy met groot oortuiging toe dat dit vir die Transvaal moontlik behoort te wees om sonder onkoste of bloedvergieting in besit gestel te word van die mond van die „Omlalaas", „waar ik overtuigt ben schepen zouden kunnun goederen landen en produkten innemen." Hierdie gebied het voorheen aan die Natalse Republiek behoort, maar is na die Britse anneksasie daarvan, deur kommissaris Cloete aan Panda teruggegee. Met die erkenning van die Transvaalse onafhanklikheid deur Brittanje in 1852, is hy van oordeel, dat die Republiek weer met Panda oor die saak kan onderhandel,

* Die navorsing waarop hierdie artikel berus, is o.a. moontlik gemaak deur 'n toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

1. D. W. Krüger: *Die Weg na die See.* Gepubliseer in die *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938, I.*

veral daar hy van oortuiging is dat nog Panda nog die Natalse regering enige beswaar teen die herstel van die gebied aan die Transvaal sal hê nie. Die bepaalde gebied is vrugbaar en nie alleen geskik vir veeteelt nie, maar veral ook vir die aanplant van gewasse soos koffie en suiker. Is die hawe eers eenkeer ontwikkel, sal dit aan die Republiek 'n gereelde en bestendige inkomste verseker waarmee talryke ander groot skemas aangepak kan word.[2]

Pretorius het die raad van Morewood ter harte geneem en ten spyte van sy swak gesondheid, met Panda in verbinding probeer kom om hom te oorreed om afstand te doen van die gebied vanaf die Drakensberg na Bloedrivier en vandaar na die see.[3] Omdat hy Panda nie persoonlik kon besoek nie, het hy vir hierdie doel van 'n sekere C. van Rooyen van Balelasberg gebruik gemaak. Van Rooyen het aan Pretorius se versoek voldoen, met Panda in aanraking gekom en hom besonder inskiklik gevind. Voordat die onderhandelinge egter tot 'n ooreenkoms gelei het, is Pretorius oorlede en het die hele saak daarmee skipbreuk gely. Van belang is dit egter om daarop te wys dat as 'n gevolg van Morewood se bemoeiinge daar nou 'n sintese ontstaan het en die uiteenlopende opvattinge oor wat die geskikste hawe vir die Republiek sou wees, nou met mekaar versoen is.

M. W. Pretorius wat na die dood van sy vader in Julie 1853, sy regeringstaak moes oorneem en verder voer, het sonder die minste twyfel, ook in 'n eie, onafhanklike hawe vir die Republiek belanggestel. Voordat hy werksaam was in die rigting soos deur Morewood in sy brief aangedui, het hy eers probeer om met die Britse outoriteite tot 'n vergelyk te kom met betrekking tot die onbillike wyse waarop in- en uitvoerregte in die koloniale hawens gehef is op goedere bestem vir die Transvaal. By meer as een geleentheid het Pretorius hierdie saak aangeroer, maar nooit enige sukses behaal nie. Die Britte het besef dat beheer oor die toevoerhawens van die binnelandse republiek, aan hulle 'n geweldige sterk wapen in die hand gestel het om die Republiek ekonomies afhanklik te hou en sou nie maklik van daardie wapen afstand doen nie.[4] Nadat Pretorius besef het dat hy tevergeefs op 'n vermindering van invoertariewe aangedring het, het die gedagte aan 'n eie seehawe weer sterk op die voorgrond getree. Hoewel in die verband die raad wat Morewood in 1853 gegee het, nie presies opgevolg is nie, is die moontlikheid van 'n eie hawe iewers tussen Delagoabaai en Port Natal ernstig oorweeg en is al sterker aan St. Luciabaai begin dink. Omdat die grenslyn tussen die Republiek, Natal en Zoeloeland nog nie aangewys was nie, was Pretorius van oordeel dat wanneer daaroor beraadslaag sou word, dit 'n gulde geleentheid aan Transvaal sou bied om sy grens deur te trek tot aan die kus van Zoeloeland.

2. R.489/53: E. Morewood aan A. W. J. Pretorius, d.d. Compensation, Natal, 18 Januarie 1853. Gepubliseer in *Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853*, pp. 305-7.
3. D. W. Krüger, a.w., p. 152.
4. D. W. Krüger, a.w., p. 153.

Aan die begin van die 60-er jare het die hoop opgevlam om as 't ware deur Panda en sy seun Cetshwayo teen mekaar uit te speel, gebiedsuitbreiding ten koste van Zoeloeland tot aan die see by St. Luciabaai te kry. Met hierdie poging was die Republiek egter ook nie suksesvol nie. Na aanvanklike vae beloftes, het sowel Panda as Cetschwayo toe sake tot 'n spits gedryf is, teruggekrabbel en ontken dat gebiedsafstand aan die Boere ooit in vooruitsig gestel is. Op hierdie stadium was die interne toestand in Transvaal van so 'n aard dat nie met krag teen die Zoeloes opgetree kon word nie. Buitendien het die Britse regering tot wie die Zoeloes hulle in hierdie uur van nood gewend het, op onmiskenbare wyse sy ongenoeë met die Transvaalse planne te kenne gegee. En omdat Transvaal dit nie kon bekostig om hom Britse gramskap op die hals te haal nie, is die plan met St. Luciabaai laat vaar.

Hierdie terugslag het meegebring dat die Transvaal deur die nood gedwing, 'n keuse tussen Delagoabaai en Port Natal moes maak. Britse vyandigheid het meegebring dat die Transvalers voorkeur begin gee het aan die neutrale Delagoabaai. Daarby het die korter afstand en die maklike bereikbaarheid van die hawe, ook meegebring dat Port Natal „amptelik" die rug toegekeer is.

Voordat die regering van die Republiek hom onherroepelik aan Delagoabaai verbind het, het daar 'n onverwagte wending ingetree. Pres. Pretorius wat aan die begin van 1866 vir die soveelste keer in Natal gaan gesels het oor die onbillike invoerregte, het, terwyl hy in Natal was met David Forbes, 'n familielid van Alexander McCorkindale, afgespreek om die Portugese kuslyn te ondersoek met die doel om 'n geskikte hawe vir die Republiek te vind.[5] Forbes het die opdrag nougeset uitgevoer en ongeveer agt maande later verslag van sy werk gedoen. Sy uitgangspunt was, so skryf hy aan M. W. Pretorius, om in die omgewing van Delagoabaai 'n hawe te vind wat nie reeds in besit van 'n blanke nasie was nie. Sy ondersoek het hom tot die gevolgtrekking gebring dat die mond van die Osoto-rivier net besuide Delagoabaai, in een van die beste hawens in Suid-Afrika ontwikkel kan word. Die gebied ten suide van die rivier behoort aan die Amatonga's wat dit sal verwelkom as dit deur blankes in besit geneem word — net solank as die blankes nie Portugese is nie. Van die riviermonding skryf hy baie geesdriftig in die volgende woorde: „The entrance to the river is well protected and vessels can go out and enter at any time. It is navigable as far up as its junction with the Pongola (say 70 miles). From thence vessels can go up the Pongola about ten miles further (to within ten miles of the Lebombo line).[6]

Hoewel die verslag van Forbes baie gunstig was, het Pretorius nie onmiddellik daarop gereageer nie. In werklikheid kon hy ook nie omdat

5. H. R. van der Walt: *Alexander McCorkindale en sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 26. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika; D. W. Krüger, a.w., p. 174; D. J. Opperman: *Die Geskiedenis van Ermelo vanaf sy stigting (1860) tot 1902*, p. 19. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
6. R.157/67: David Forbes aan M. W. Pretorius, d.d. New Scotland, 15 Februarie 1867.

dinge daarna te vinnig plaasgevind het. Die President het nouliks tyd gehad om die verslag van Forbes behoorlik te verwerk, toe hy, deur die tussenkoms van landdros O'Reilly van Wakkerstroom, 'n memorandum van Walter Macfarlane, die Speaker van die Natalse Wetgewende Raad, ontvang het. Hierin word die opspraakwekkende mededeling gemaak dat 'n maatskappy die moontlikheid oorweeg om 'n spoorlyn van Durban na Newcastle te bou veral met die oog op die ontwikkeling van die steenkoolneerslae in daardie omgewing. Die Natalse regering is bereid om onder bepaalde voorwaardes ongeveer twee miljoen akker grond tot die beskikking van die maatskappy te stel. Na aanleiding van hierdie planne word nou die vraag gestel of die Transvaalse regering belang sou stel dat die spoorlyn verleng word tot in Pretoria of enige ander eindpunt in die Republiek en indien wel, wat die Transvaalse regering bereid sou wees om by te dra ten einde so 'n verbinding moontlik te maak. By wyse van 'n suggestie word die vraag gestel of die Transvaalse regering nie ook bereid sou wees om twee of drie miljoen akker grond tot die beskikking van die maatskappy te stel nie.[7]

M. W. Pretorius het die Natalse versoek baie ernstig opgeneem en was klaarblyklik bereid om sy ruimste steun daaraan te verleen, hoewel die memorandum van Macfarlane voorlopig onbeantwoord gebly het. Pretorius het die bedoeling van Macfarlane blykbaar ook nie reg verstaan nie of anders daar opsetlik 'n ander wending aan probeer gee. Toe O'Reilly Macfarlane se memorandum aan Pretorius gestuur het, het hy baie duidelik in sy begeleidende brief geskryf: „U.H.E. moet wel verstaan dat de company de spoorweg op hunne eigene kosten maken zonder dat het land er iets toe doet en zonder dat de Regering voor iets aansprekelyk is. Alleenlyk geeft het Gouvernment zoo veel grond als een gifte of bonus waaruit de company naderhand hun voordeel maken kun." 'n Mens wil die gevolgtrekking maak dat Pretorius die verduideliking so geïnterpreteer het dat nie die grond waarop die spoor gebou word nie, maar plase elders in die Republiek, by wyse van vergoeding vir die spoorwegbou aan die maatskappy afgestaan sal moet word omdat, toe die goewermentsekretaris in Junie 1867 die landdros van Lydenburg opdrag gee het om 300 plase in sy distrik vir regeringsdoeleindes te inspekteer, die opdrag o.a. deur M. W. Pretorius soos volg gemotiveer is: „Er wordt ook gedacht om een spoorweg te doen maken na de zeekust, zoodat wy dan in staat zullen zyn, onze granen, en andere producten gemakkelyk, en goedkoop uittevoeren. Maar om zo iets tot stand te bringen zullen wy geld nodig hebben, en dat zal verkrygen kunnen worden indien wy genoegzaam plaatsen in namen van het Gouvernement geinspecteerd, en geregistreerd zullen hebben."[8]

Op die 9de September 1867 toe hy die Natalse spoorwegplanne in

7. R.495/67. Landdros A. A. O'Reilly aan M. W. Pretorius, d.d. Marthinus Wessel Stroom, 8 Mei 1867 met memorandum van Walter Macfarlane, d.d. Wakkerstroom, 7 Mei 1867.
8. B.B. 317/67: J. W. Spruyt aan landdros van Lydenburg, d.d. Pretoria, 24 Junie 1867.

sy aanspraak onder die aandag van die Volksraad gebring en dit sterk aanbeveel het, was die President nog steeds onder die indruk dat Transvaal se deelname aan so 'n skema, groot uitgawe sou meebring. „Tot het volbringen van zulk een plan," so deel hy die Volksraad mee, „zou het noodig worden eene leening te doen, en ik beschouw het voordeeliger voor het land eene leening aan te gaan, onder securiteit van gronden, dan de gronden zelve te verkoopen om gelden te verkrygen tot zulk einde benoodigh, daar de opgenomen gelden gedurig afbetaald kunnen worden blyvende alzoo, na de lossing der schuld de gronden nog eigendom van de Republiek."[9]

Onmiddellik nadat hy die Volksraad van die spoorwegplanne vertel het, het hy met nog 'n groot skema voor die dag gekom toe hy die Raad meegedeel het dat hy besonderhede sal voorlê „aangaande het oprigten van een handelshuis".[10] Volgens wat hy die Raad verder by wyse van inligting verskaf het, het hy hier aan die instelling van die eerste koöperatiewe onderneming in die Republiek gedink.

Terwyl die kwessie van 'n handelshuis en 'n spoorwegverbinding met Durban in die President se gedagtes gemaal het, het 'n derde uiters belangrike skema onder sy aandag gekom. Terwyl hy op besoek in Pretoria was, het McCorkindale in Junie 1867 'n baie ambisieuse plan per brief aan die President voorgelê.[11] Hierin stel hy voor om 'n hawe te bou waarvoor 'n bedrag van waarskynlik £250,000 nodig sal wees, maar wat hy seker maklik in Europa of Amerika geleen sal kan kry, met die invoerregte wat in die hawe gehef sal word, as waarborg. In die skema word ook voorsiening gemaak vir die bou van 'n pad vanaf die hawe, deur Nieuw Skotland tot in Potchefstroom waarop stoomwaens gebruik kan word. Hy onderneem ook om bevoegde vakmanne te kry „to build the Government Custom House . . . and other public works such as schools and hospitals and to find officers fully qualified to fill such situations as may be required". Om die onderneming uit te voer, onderneem hy om, as dit nodig is, vir 'n tydperk van twee jaar op eie koste na Europa en Amerika te gaan en eers as die skema suksesvol deurgevoer is, vergoed te word met grond saamgegroepeer in blokke van tien plase op plekke „where factories could be erected for the manufacture of Powder, Lead, Earthenware, Cotton, coffee, sugar, tobacco and oils". Op 'n later datum is die brief gekanselleer en op 18 September 1867 met 'n gewysigde voorstel vervang.[12]

Toe die President ook hierdie verwikkeling onder die aandag van die Volksraad gebring het, het die Raad dit belangrik genoeg geag om McCorkindale se hawevoorstel saam met die Natalse spoorwegplanne en Pretorius se koöperatiewe handelshuis, na 'n spesiale komitee te verwys wat sou bestaan uit die President, die staatsprokureur, M. J. Viljoen as

9. *Staats Courant*, 11 September 1867: Aanspraak van die Staatspresident, 9 September 1867, art. 8.
10. Aanspraak Staatspresident, art. 9.
11. R.666/67: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 24 Junie 1867.
12. R.964/67: Ongetekende brief van A. McCorkindale, d.d. 18 September 1867.

lid van die Uitvoerende Raad en drie lede van die Volksraad. Na stemming is die here Proes, Bührmann en Lys as die verteenwoordigers van die Volksraad op die komitee aangewys.[13] Omdat staatsprokureur Kleijn met ander ampswerk besig was, is hy op die kommissie vervang met J. H. Prinsloo. Die ondersoek is so belangrik geag dat die Volksraad die volgende dag op versoek van die President, ook die volgende persone op die kommissie aangestel het: C. Potgieter, landdros J. C. Steyn, oudlanddros J. W. Viljoen en komdt. Wm. Robinson.

In die verbygaan kan daarop gewys word dat McCorkindale nie in 1867 skielik op die idee van 'n hawe by Delagoabaai gekom het nie. Volgens 'n verklaring van sy weduwee het hy reeds in November 1865 toe hy in Londen was, by die Koloniale Kantoor aansoek gedoen om 'n hawe in Delagoabaai te ontwikkel „for the use of the Republic generally". Sy aansoek is toe van die hand gewys „but McCorkindale was led to hope that he would ultimately gain the much desired object when he should have formed a second company".[14]

Die kommissie waarna hierbo verwys is, het sy taak baie ernstig opgeneem en het elke dag van die 18de tot die 23ste September na die verdaging van die Volksraad, bymekaar gekom.[15] Gedurende die eerste paar dae het McCorkindale ook die vergadering bygewoon, 'n volledige uiteensetting van sy planne gegee, aan die algemene bespreking deelgeneem en op vrae en besware van lede geantwoord. Uit die notule van die verrigtinge blyk dit dat met insig en begrip gepraat is oor die moontlike groot probleme wat aan die skema verbonde was. Vrae oor wat moontlikerwys die houding van Brittanje of ander groot moondhede kon wees, is gestel maar op al die vrae het McCorkindale 'n antwoord gereed gehad, wat blykbaar 'n gerusstellende uitwerking gehad het. Op die baie belangrike vraag wat die houding van die inboorlinge sal wees deur wie se grond die verbindingspad met die hawe sal loop, het McCorkindale geantwoord dat die betrokke stamme nie alleen hulle toestemming gegee het nie, maar ook voldoende grond vir dié doel aan hom verruil het. Op die verdere pertinente vraag van voorsitter Proes vir wie hy die grond geruil het, het McCorkindale geantwoord dat hy dit nie vir homself nie, maar vir die Republiek geruil het. Met die antwoord was die lede skynbaar tevrede sodat niemand hom gevra het om die nodige bewysstukke aan die vergadering voor te lê nie.

Nadat McCorkindale se teenwoordigheid nie langer meer nodig was nie, het die kommissie nog twee dae lank onderling beraadslaag en was blykbaar so deur die haweskema beïndruk dat nooit 'n enkele woord gesê is oor die Natalse spoorwegplan of Pretorius se koöperatiewe handelshuis nie. Nadat die saak van alle kante benader is, het die kommissie met agt stemme teen een besluit om die volgende samevattende voorstel aan die Volksraad voor te lê: „De commissie komt tot het besluit, dat

13. V.R.B. 18 September 1867, art. 48.
14. Boedelpapiere, 1252 (6) V.
15. E.V.R. 110, pp. 12-29: Notule van die Kommissie se vergaderings. Gepubliseer in *Notule van die Volksraads van die Z.A.R.*, deel VII, pp. 177-182.

door de aanneming van de voorstellen van de Regeering tot goedkeuring van de plannen van den heer McCorkindale, zal voldaan worden aan art. 3 der Grondwet om eene onafhankelyke natie te zijn, om reden dat zonder eene Zeehaven de Z. Afr. Republiek afhankelijk is van andere natien, en volgens art. 1 der conventie dd. 16 January 1852 het de vurigste begeerte is van het Britisch Gouvernement dat door de imigranten benoorden Vaalrivier vrije handel wordt verkregen. Wat voor en tegen de uitvoer dier plannen bestaat zal blijken uit de notulen der commissie welke zij de eer heeft by deze in te zenden, en wensch dat by de aanneming door de Volksraad van het gevoelen der commissie, een voorstel van kontrakt zal worden opgemaakt waarby de Republiek Zooveel mogelijk verzekerd word geene schade te lijden."

Dié voorstel van die kommissie het eers op 26 September in die Volksraad aan die orde gekom. Dit was onmiddellik duidelik dat geen eenstemmigheid hoegenaamd oor die saak bereik sou word nie — nie alleen omdat die verdienstelikheid van die saak bevraagteken is nie, maar ook omdat by bepaalde lede 'n element van wantroue teenoor die persoon van McCorkindale waarneembaar was. Tog is uiteindelik met 'n meerderheidstem besluit om die aanbeveling van die kommissie te aanvaar en die Staatspresident op te dra om so spoedig moontlik 'n kontrak met McCorkindale aan te gaan en dit vir beoordeling aan die Volksraad voor te lê.[16] Die President het met bekwame spoed sy aandag aan die opdrag gegee en was op 14 Oktober gereed om 'n konsepooreenkoms aan die Volksraad voor te lê.

Die konsepooreenkoms was imponerend en groots, maar met 'n angel in die stert — en as 'n geheel genome, vrywel onuitvoerbaar. Tog is dit 'n belangrike dokument en daarom moet die aandag in die verbygaan op enkele van die belangrikste bepalings toegespits word. In die aanhef van die stuk word duidelik vermeld dat Alexander McCorkindale aangebied het om onder bepaalde voorwaardes „de Zuid-Afrikaansche Republiek te voorzien van een zee-haven". Die hawe sal deur hom op eie koste gebou en ontwikkel word waar die Umzutirivier (Maputa) in die see uitmond en die rivier daarvandaan tot by die samevloeiing van die Pongola in 'n bevaarbare toestand bring. Die ooreenkoms wat McCorkindale aangegaan het met die Swazikoning, Umswaas, oor 'n vrye reg van weg[17] op die gebied tussen die hawe en die oostelike grens van Nieuw Skotland, sal sonder enige koste aan die Republiek oorgedra word. McCorkindale onderneem om handige en bekwame kontrakteurs te verskaf vir die oprigting van die nodige hawe, openbare geboue soos hospitale en skole, en vir die maak van paaie van die hawe na dorpe en stede binne die Republiek. Hy sal ook sorg dra vir die invoer van voldoende „trekmachines of zoodanige ander locomotiven" wat vir die vervoer van goedere op die paaie gebruik kan word. Ingenieurs en masjiniste om

16. V.R.B. 29-9-67, art. 79.
17. Dit is opvallend dat hier gepraat word van 'n „reg van weg" terwyl in die onderhandelinge met die kommissie van die Volksraad, die indruk geskep is dat Umswaas afstand gedoen het van die betrokke gebied.

die ingewikkelde apparaat te hanteer en in stand te hou, sal deur hom voorsien word. Op dieselfde wyse onderneem hy om bevoegde amptenare, onderwysers en geneeshere na die Republiek te bring, terwyl, ter wille van 'n doeltreffende landsadministrasie, die Republiek van sy kant onderneem om so spoedig moontlik 'n hoofregter en 'n „Administrateur van geldmiddelen, die den naam zal voeren van Minister van Finantien", aan te stel.

Die belangrikste bepaling in die konsepooreenkoms was, uit die oogpunt van die Republiek, sonder twyfel die klousule waarin McCorkindale onderneem om in Engeland of elders 'n lening vir die Republiek te sluit vir 'n bedrag nie £250,000 te bowe gaande nie. In die kontrak word baie duidelik vermeld dat die geld aangewend sal word vir die maak van paaie, die aankoop van trekmasjiene, die oprigting van geboue en die beskikbaarstelling van lenings aan boere. Die lening sal vir 'n tydperk van 21 jaar aangegaan word teen 'n rentekoers van hoogstens 6% per jaar. As sekuriteit vir die lening, sal van die regering verwag word 'n verband op 100 plase van elk nie minder as 6,000 akker groot nie en daarbenewens, „alle regten van invoer van de Zuid-Afrikaansche Republiek te heffen volgens tarief, op alle goederen welke zullen worden ingevoerd." Van die kant van die Republiek sal deur 'n inspeksiekommissie toesig gehou word dat die werksaamhede nie later as 1 Mei 1868 'n aanvang neem nie, dat dit bevredigend volgens 'n bepaalde skedule vorder en dat dit tot bevrediging van die kommissie uitgevoer word. As vergoeding vir die reg van weg wat deur McCorkindale aan die Republiek afgestaan word, ontvang hy 50 plase en „voor zyne moeite en kosten", nog vyftig.[18]

Nadat die kontrakterende partye oor die besonderhede van die ooreenkoms saamgestem het, is dit op die 14de Oktober 1867 aan die Volksraad voorgelê, waar die President 'n heldhaftige poging aangewend het om dit aan die hand van 'n Memorie van Toelichting, so aanneemlik moontlik vir die Volksraad voor te stel. Die Memorie van Toelichting getuig van insig. Dit het nie slegs op 'n seehawe betrekking nie, maar het 'n omvattende program vir binnelandse hervorming behels. Die President het dit aan die Volksraad voorgedra, maar in werklikheid was dit die produk van Alexander McCorkindale, wat nie soseer die belange van die Republiek nie, as sy eie in gedagte gehad het. Die President het die Skot nog nie gewantrou nie, maar dit was duidelik dat 'n aansienlike aantal Raadslede bedenkinge begin koester het oor die onbaatsugtige optrede van McCorkindale. Die ontwerp het met onverwagte teenkanting te doen gekry en die strekking daarvan is uiteindelik met die beslissende stem van die voorsitter aanvaar.[19]

18. Boedelstukke 1252 (o) V: Konsepooreenkoms aangegaan tussen M. W. Pretorius en A. McCorkindale. Vergelyk ook Memorie van Toelichting. Beide stukke is gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VII, pp. 187-190 en pp. 190-193.

19. V.R.B. 14 Oktober 1867, artt. 100-101.

Voordat die Volksraad daarna sy aandag aan die besonderhede van die ooreenkoms kon gee, is die verdere oorweging van die saak op 'n onverwagte en dramatiese wyse deur McCorkindale self beëindig. Tot op daardie stadium was hy gewoond daaraan om in die Republiek as 't ware op die hand gedra te word, met die gevolg dat die uitslag van die stemming vir hom 'n groot skok was en hy op kenmerkende impulsiewe wyse sy voorstel teruggetrek het en geweier het „to have any further public transactions with the government of the South African Republic as at present constituted".[20] M. W. Pretorius het daarna nog 'n poging aangewend om vir McCorkindale in die bres te tree. Ongeveer 'n week nadat McCorkindale die betrekkinge verbreek het, het Pretorius gevra om die kontrak weer aan die Volksraad voor te lê „daar leugenachte geruchten daaromtrent verspreid worden" wat hy graag wil weerlê. Die Volksraad was egter nie in 'n gemoedstemming om na 'n pleidooi in belang van McCorkindale te luister nie en het die versoek van die President van die hand gewys.[21]

Die gebrek aan 'n goeie verstandhouding wat daar op daardie stadium tussen die Volksraad en McCorkindale bestaan het, sou waarskynlik spoedig weer verdwyn het as dit nie was dat laasgenoemde deur 'n brief, waarvan die goeie bedoelinge nie sonder meer in twyfel getrek kon word nie, die Volksraad verder vertoorn het nie. McCorkindale wat reeds geruime tyd te vore planne beraam het om weer na die buiteland te vertrek, stel die President en Uitvoerende Raad hiervan skriftelik in kennis op die 4de November 1867. Uit sy brief blyk dit dat by hom 'n mate van besorgdheid bestaan oor die veiligheid van sy kolonie immigrante in Nieuw Skotland — wat hy op tweehonderd man stel — en vra dan watter beskerming aan hulle gegee sal word ingeval van vyandelike naturelle-aanvalle op hulle grens.

Die Volksraad aan wie die brief vir 'n beslissing voorgelê is, het nie goed begryp wat McCorkindale eintlik in gedagte gehad het nie en het dit daarom goed gevind om die Skot te ontbied om voor hom te verskyn. Wat by die geleentheid presies gesê is, sal 'n mens ongelukkig nooit weet nie, maar die resultaat van die samespreking was dat die Volksraad besluit het om die brief van McCorkindale na 'n kommissie te verwys bestaande uit H. T. Bührmann, B. C. E. Proes en C. Joubert „en daarover een rapport uit te bringen ter goed- of afkeuring van den raad".[22] Of dit die bedoeling was dat die kommissie moes ingaan op die verlede van McCorkindale, is nie duidelik nie, maar tog twyfelagtig. Die kommissie met Bührmann as voorsitter, het egter sy eie koers ingeslaan, langdurig en diep in die verlede van McCorkindale gaan delf en met 'n verslag te voorskyn gekom wat die bestaande spanning nie alleen verhoog het nie, maar ook tot 'n spits gedryf het.

20. E.V.R. 110, p. 330: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 14 Oktober 1867.
21. V.R.B. 22 Oktober 1867, art. 113.
22. V.R.B. 4 November 1867, artt. 133 en 134.

Nie alleen McCorkindale is deur die kommissie voor stok gekry nie, maar ook die Staatspresident wat deur sy grenslose vertroue in dié Skot, toegelaat het dat verskillende ernstige onreëlmatighede ingetree het. Pretorius, in sy ywer om iets vir die staat gedoen te kry, het dinge deur die vingers gesien waarvoor hy agterna ernstige berisping verdien het. Van die belangrikste foute wat gemaak is, is dat wissels ten bedrae van £1,000 wat McCorkindale kragtens die ooreenkoms van 5 Oktober 1864 aan die staat moes betaal en inderdaad ook betaal het, in opdrag van Pretorius deur die Tesourier-generaal weer aan McCorkindale teruggegee is. Die kommissie het ook bevind dat 80 plase op die naam van die *Glasgow and South African Company* getransporteer is voordat die verskuldigde koopsom daarvoor betaal is. 'n Hele reeks ander besware wat hier nie ter sake is nie, is ook teen Pretorius ingebring waardeur vanselfsprekend groot verleentheid vir die President veroorsaak is.

Omdat die kommissie lojaal teenoor sy President gebly het, is nie hy soseer nie, maar wel McCorkindale vir die foute verantwoordelik gehou. Daarbenewens het die kommissie ook rede kon vind om met McCorkindale se optrede fout te vind. Die maatskappy, so is bevind, was agterstallig met die betaling van die koopsom. Waar die maatskappy volgens kontrak tot op datum £6,000 moes betaal het, was daar in werklikheid net £1,600 betaal. Die kommissie het ook kon vasstel dat McCorkindale sy verpligtinge teenoor die staat in goevermentsnote en selfs in mandate nagekom het, terwyl die staat sy rekenings aan McCorkindale bv. vir kruit wat bestel is, in harde kontant moes vereffen.

Die kommissie het McCorkindale ook daarvan beskuldig dat hy nie bereid was om met hom saam te werk nie. Miskien word die situasie hier te skerp gestel. Feit is dat die kommissie bepaalde inligting van McCorkindale verwag het en toe hy hulle in Engels antwoord, is hy daarop gewys dat die amptelike taal van die land Hollands is en dat sy briewe derhalwe ook in Hollands moes wees. Die name van 'n aantal amptelike vertalers is onder sy aandag gebring, maar omdat die vertalings hom geld sou kos, wou hy, Skot soos hy was, nie van hulle dienste gebruik maak nie. As 'n gevolg van hierdie koppigheid, het tussen hom en die kommissie onvermydelik 'n mate van disharmonie ontstaan.[23]

Die lang verslag van die kommissie is daarna puntsgewys in die Volksraad bespreek. Ofskoon die verslag min verband het met die haweskema van McCorkindale wat teen hierdie tyd reeds finaal van die baan was, moet op enkele verbandhoudende sake tog die aandag gevestig word. Omdat die kommissie geen bewys kon vind dat die *London and South African Company* ooit opgerig is nie, het die Volksraad besluit om die 78 plase bekend as Londina en waarvoor grondbriewe reeds aan die maatskappy verleen is, te kanselleer, ook omdat die wyse waarop die

23. E.V.R. 110, pp. 76-104: Verslag van die Kommissie, d.d. Pretoria, 6 Desember 1867. Die notule van die Kommissie is te vind in E.V.R. 110, pp. 105-134. Beide stukke is gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VII, pp. 229-240 en pp. 215-226.

grond toegeken is, in stryd was met die akte van ooreenkoms aangegaan op 5 Oktober 1864.[24]

'n Belangriker saak wat deur die kommissie aan die lig gebring is en die reputasie van McCorkindale nog 'n verdere knou gegee het, het betrekking op die grond wat McCorkindale van die Swazi's sou geruil het vir 'n verbindingsweg tussen die Republiek en die voorgestelde hawe en wat hy tydens die onderhandelinge oor die saak, aan die Republiek oorgedra het. Die kommissie het tydens hulle ondersoek pogings aangewend om bewyse vir hierdie beweerde grondafstand te kry, maar sonder enige sukses. Die Volksraad het hierdie mededeling so ter harte geneem dat besluit is om nog 'n kommissie aan te stel met opdrag om al die besonderhede in verband met dié aangeleentheid op te diep en tot openbaring te bring.[25]

McCorkindale was egter nie iemand wat hom deur teenspoed van stryk laat bring het nie. Onmiddellik na sy botsing met die Transvaalse Volksraad, het hy by die Britse regering begin vlerk sleep vir erkenning van 'n ander ambisieuse skema. Die Kaapse goewerneur, sir Philip Wodehouse, sou hy in dié verband as bemiddelaar gebruik, ondanks die feit dat hy nouliks twee jaar tevore by hom 'n bloutjie geloop het. In April 1866 toe McCorkindale na sy eerste besoek aan Brittanje in Kaapstad voet aan wal gesit het, het hy naamlik aan Wodehouse min of meer 'n soortgelyke aanbod gemaak as dié een waarmee hy in 1864 met M. W. Pretorius sukses behaal het. Hy het hom bereid verklaar om enige plek in die Kaapkolonie 400 plase van 6,000 akker elk te koop teen £50 per plaas, onderhewig aan die gebruiklike belasting op grond in die gebied waar die plase mag wees.[26] Hierop is hy kort en saaklik geantwoord „that as the disposal of the Crown lands in this Colony is regulated by an Act of Parliament, His Excellency is precluded from accepting your offer which would involve a departure from the provisions of the law".[27]

Toe McCorkindale meer as twee jaar later onderweg na die buiteland weer in Kaapstad was, het hy van hierdie teleurstelling alles vergeet gehad en die Goewerneur daarvoor in elk geval nie 'n grief toegedra nie. In 'n onderhoud met die Kaapse Goewerneur, het hy hom meegedeel dat hy van die Transvaalse regering 'n stuk grond ongeveer 1,200,000 akker groot gekoop het. Aangrensende daaraan het hy van die Swazi-koning grond gekoop waarvan hy die presiese grootte nog nie kon vasstel nie. Dat hy hierdie grond reeds aan die regering van die Republiek oorgedra het, het hy nagelaat om aan die Goewerneur te vertel, net soos hy ook geswyg het oor sy plan om in samewerking met die regering van die Republiek, 'n verbinding deur die gebied met 'n hawe wat nog ontwikkel moes word, te bewerkstellig. Waarskynlik om die samewerking van die

24. V.R.B. 27 Februarie 1868, art. 320.
25. V.R.B. 4 Maart 1868, artt. 353 en 356.
26. G.H. 18/11: A. McCorkindale aan sir Philip Wodehouse, d.d. Kaapstad, 13 April 1866. Vgl. ook D. W. Krüger, a.w., p. 182.
27. C.O. 5330, p. 481: R. Southey aan A. McCorkindale, d.d. Kaapstad, 23 Mei 1866.

Kaapse Goewerneur te verkry, het hy nie geskroom om die Transvaal en sy regering in 'n slegte lig voor te stel nie. Aanvanklik, so deel hy die Goewerneur mee, wou hy en sy maatskappy met die Transvaalse regering saamwerk, maar omdat die regering „was and is too weak to preserve law and order, the companies now intend to establish a Republic in the lands they have bought from the native tribes".[28] Ten einde erkenning vir die beoogde republiek te verkry, was dit sy voorneme om met die Britse regering 'n ooreenkoms aan te gaan soortgelyk aan die Sandrivier-konvensie. Hy stel dit in vooruitsig dat sy republiek die samewerking sal geniet van afwykende groepe in Lydenburg, waarna die gebied ten ooste van Transvaal onder sy beheer sal staan en hy op dié wyse in 'n posisie sal wees om handel in slawe te ontmoedig.[29] 'n Verskeidenheid produkte wo. ook katoen en tabak, sal in sy staat verbou word, wat alles na Britse markte uitgevoer sal word.

Wodehouse het die Britse regering hierna breedvoerig van McCorkindale se planne ingelig en alhoewel hy van oordeel was dat „considerable advantages might arise out of the accomplishment of this scheme", die regering tog geadviseer om 'n afwagtende houding in te neem en McCorkindale nie een of ander kant toe 'n definitiewe antwoord te gee nie.[30]

Wodehouse het die Britse regering tot versigtigheid gemaan, klaarblyklik omdat hy nie baie gerus oor McCorkindale se skema gevoel het nie. Ter uitvoering van sy onderneming teenoor die Minister om meer inligting te probeer inwin, skryf hy daarna aan die luitenant-goewerneur van Natal om presies vas te stel wat die aard van McCorkindale se onderhandelings met die Swazi was „and whether he is really working in his own interest or indirectly endeavouring to extend the Territories of the Transvaal Republic towards Delagoa Bay".[31]

Terwyl hierdie ondersoek aan die gang was, het McCorkindale in Engeland aangekom, en het hy met kenmerkende selfvertroue onverwyld met die Koloniale Sekretaris in korrespondensie getree en selfs daarin geslaag om op 30 Oktober 1868 met die Britse regering 'n onderhoud oor die saak te voer. Wat by dié geleentheid alles gesê is, weet 'n mens nie, maar blykbaar het McCorkindale 'n voorgevoel gehad dat alles nie in sy guns verloop het nie omdat hy die dag na die onderhoud in 'n brief aan die Koloniale Sekretaris die veelbetekende opmerking gemaak het „should your Government not feel inclined to acknowledge us as independent, will you give us the same assurance you gave the emigrant

28. G.H. 28/88, Enclosure No. 83: A. McCorkindale aan sir Philip Wodehouse, d.d. Kaapstad, 1 September 1868.
29. McCorkindale het dié bedenkinge teenoor Transvaal gekweek alhoewel die verhouding tussen hom en Pretorius blykbaar nog baie goed was soos o.a. daaruit blyk dat hy en sy vrou tydens hierdie tweede besoek aan Europe, die President se dogter met hulle saamgeneem het en baie goed vir haar was.
30. C.O. 48/441, No. 83: Wodehouse aan Hertog van Buckingham and Chandos, d.d. Government House, 2 September 1868. Ook by G.H. 23/30.
31. G.H. 31/1: Wodehouse aan Luitenant-goewerneur, d.d. Kaapstad, 19 September 1868.

farmers, viz., the management of their own affairs without your intervention".

Klaarblyklik het die ondersoek wat Wodehouse ingestel het, nie heeltemal in die guns van McCorkindale verloop nie omdat hy ongeveer 'n week of drie later in kennis gestel is dat „in the present state of matters in South Africa" nie aan sy versoek voldoen kan word nie. Die werklike rede vir die negatiewe antwoord, blyk uit die slotsin van die brief wat hy van die Koloniale Kantoor gekry het en waarin vermeld word „that Her Majesty's Government have been informed that complaints have been made by the tribe of the Amazwazi of the encroachments made on their territory by you or by persons acting with you".[32] Wodehouse is dieselfde dag van die beslissing van die Britse regering in kennis gestel.[33]

Ook hierdie terugslag het McCorkindale nie in die minste ontstel nie. Komkommerkoel is hy in 1869 terug na die Transvaal om 'n nuwe voorstel aan M. W. Pretorius, wat van die Londense gebeure niks geweet het nie, voor te lê. Die aanvoorwerk word gedoen in 'n brief van Maart 1869 waarin hy o.a. skryf „I am instructed to wait upon you with a proposition referring to the road Otsolo and Pongola, also certain lands in their neighbourhood in order to form a Commercial Treaty that may be of importance to your State as well as the Gentleman who I have the honor to represent".[34]

M. W. Pretorius, nog steeds onder die waan dat hy in McCorkindale 'n vriend gehad het, het sy gebruiklike ingenomendheid met die plan te kenne gee en dit so bewerkstellig dat McCorkindale voor die Uitvoerende Raad verskyn het om sy skema mondeling aan die hoogste bestuursliggaam voor te lê.[35] Van dié geleentheid het McCorkindale op 'n baie doeltreffende wyse gebruik gemaak, alles omslagtig verduidelik, die samewerking van die President en die Uitvoerende Raad versoek en hulle gevra om hulle invloed by die Volksraad te gebruik om ook sy skema te aanvaar. Maar weer was die Skot te spraaksaam — meegesleur deur sy eie geesdrif, het hy hom bereid verklaar om nie alleen die verbindingspad met die hawe nie, maar ook die hawe self en die omliggende grond waaroor hy in elk geval niks te sê gehad het nie, onder bepaalde omstandighede aan die Volksraad oor te dra.

Dié voorstel van McCorkindale is daarna nog langdurig deur die Uitvoerende Raad oorweeg sodat by die liggaam en by die Staatspresident volkome duidelikheid bestaan het oor wat hulle te doen staan toe die Volksraad in Mei 1869 weer vir 'n sitting bymekaar gekom het. In 'n weldeurdagte brief wat van insig getuig, het M. W. Pretorius daarop die nuwe skema aan die Volksraad toegelig en dit ook baie sterk aange-

32. C.O. 49/60: F. Rogers aan A. McCorkindale, d.d. 24 November 1868. (Afskrif van brief).
33. C.O. 49/61, No. 195: Hertog van Buckingham aan sir Philip Wodehouse, d.d. 24 November 1868. (Afskrif van brief).
34. Boedelpapiere, 1252 (o) V: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 17 Maart 1869.
35. U.R.B. 18 Maart 1869, artt. 18 en 19.

prys.[36] Inleidend verskaf hy in hierdie brief 'n oorsig van McCorkindale se 1867-skema en stel hy dit by implikasie dat die belangrikste rede waarom die skema nie geslaag het nie, geleë is in die feit dat van die Republiek verwag was om ter wille van die sukses daarvan, 'n lening van £250,000 aan te gaan. In teenstelling daarmee bied die nuwe skema 'n geleentheid vir die Republiek om 'n eie hawe te verkry „zonder leening, zonder opofferingen van onze kant, zonder dat wy ons verbinden schulden te maken". Gunstiger kan dit nie — slegs die moontlikheid van voordele sonder „dat wy daarby iets kunnen verliezen".

Daarna gaan die President daartoe oor om die nuwe voorstel — eintlik 'n aanbod — van McCorkindale, opsommend te stel. 'n Maatskappy sal 'n bruikbare hawe bou, die rivier Umzuti vir ongeveer 70 myl ver bevaarbaar maak, daarvandaan 'n bruikbare pad aanlê tot waar die veld geskik is vir ossewavervoer, „zonder gevaar van vliegen". By die eindpunt sal 'n „custom huis" opgerig word waar invoerregte ingevorder kan word „en zulks onder voorwaarden dat aan genoemde maatschappy een gedeelte wordt toegekend der inkomende regten aldaar te heffen, en het haar geoorloofd zy eene dergelyke overeenkomst te sluiten met den Oranje Vrystaat."

Hierby aansluitend neem die President die Volksraad in sy vertroue en deel hy die liggaam mee dat die regering gunstig beïndruk is deur die nuwe voorstel van McCorkindale, tot so 'n mate selfs dat dit die wens van die Uitvoerende Raad is dat die Volksraad 'n kommissie sal benoem om 'n „schets kontract" met McCorkindale aan te gaan. Die President laat die voorstel egter nie in die lug bly hang nie, maar wat baie belangrik is, hy voer ook goeie redes aan waarom die regering tot die besluit gekom het. In dié verband beroep hy hom in die eerste plek op die reaksie van die Volksraad by die vorige geleentheid toe dié liggaam met 'n groot meerderheid hom in beginsel ten gunste van 'n vrye seehawe verklaar het. Daaraan voeg hy toe dat sonder 'n eie hawe die Republiek „afhankelyk zyn van andere natien of kolonien". Die benarde finansiële posisie van die staat kan vermy word „door onze eigene inkomende regten te heffen, die thans in de Kas van Natal en van de Kaapkolonie gaan." Hy wys ook op die gevaar dat sonder 'n eie hawe, die toevoer van ammunisie op 'n baie ongeleë oomblik heeltemal afgesny kan word. Die President wys ook daarop dat op daardie stadium die uitvoermark van die Republiek uiters beperk was en volgens sy brief net beperk was tot die uitvoer van meel na die Vrystaat en Natal. Dit was 'n uiters kwesbare posisie omdat as die Vrystaat die verowerde gebied sou begin ontwikkel, dit in sy eie behoeftes sou kon voorsien. As die Republiek daarna op Natal alleen aangewys sou wees, sou die prys van meel tot nadeel van die Transvaalse boere, nog verder daal. Vir die uitvoer van meel „op groote schaal" was 'n eie hawe onontbeerlik.

Die Volksraad het egter nie so maklik as die Staatspresident vergeet nie. Toe die voorstel van Pretorius in die Raad ter sprake gekom het,

36. S.S. 2703, Brieweboek 1869, No. 329: M. W. Pretorius aan die Volksraad, d.d. Pretoria, 8 Mei 1869. Vgl. ook D. W. Krüger, a.w., pp. 183-4.

het die lid P. J. Joubert te kenne gegee dat as McCorkindale nie eers sy brief van 14 Oktober 1867 herroep nie, hy die vergadering tydens die bespreking van die saak sal verlaat. Die Volksraad het hom hierin ondersteun en besluit dat voor die saak in behandeling geneem sal word, „de heer McCorkindale schriftelyk gemelden brief zal terugtrekken en redres geven aan de Raad".[37] Aan dié opdrag het McCorkindale sonder versuim voldoen waarna die Raad, dadelik inskiklik, onder besef van „de noodzakelykheid van eene verbetering van onzen handel en inkomsten", besluit het om 'n kommissie van drie lede te benoem wat in oorleg met die regering en 'n regsgeleerde wat deur die Staatspresident benoem sal word, 'n konsepooreenkoms vir voorlegging aan die Raad, met McCorkindale aan te gaan. Die here Munnich, Vermaas en Uys is aangewys as die Volksraad se verteenwoordigers op die kommissie.

Die kommissie het hom met bekwame spoed van sy taak gekwyt en was slegs 'n paar dae later met 'n „voorstel van overeenkomst" gereed, aangegaan tussen M. W. Pretorius namens die Republiek en Alexander McCorkindale en Gunn as voorlopige direkteure van 'n maatskappy wat nog opgerig moes word. Toe die konsepooreenkoms in die Volksraad aan die orde gestel is, is die beginsel van die saak eenparig aanvaar waarna die stuk artikelgewys onder die ontleedmes gekom het. Die stuk wat uiteindelik finaal aanvaar is, maak voorsiening daarvoor dat die twee kontraktante die Pongola- en Umzuti-riviere vanaf die see bevaarbaar sou maak tot op 'n plek waar 'n doeanakantoor gebou kon word. Daarvandaan sou hulle 'n pad maak geskik vir die vinnige vervoer van handelsware tot by Londina in die Republiek. Die kontraktante het verder nog onderneem om invoerregte op alle ingevoerde goedere in te vorder en twee-derdes van die opbrengs aan die regering van die Republiek oor te betaal. Voorts het hulle onderneem om binne twee jaar na die ondertekening van die ooreenkoms, te sorg dat skeepsvervoer vir goedere bedoel vir uitvoer, in die hawe beskikbaar sal wees. McCorkindale en Gunn het oor die welslae van hulle onderneming nie in die minste getwyfel nie soos afdoende daaruit blyk dat hulle bereid was om 'n waarborg van £5,000 skadeloosstelling aan te bied vir nie-nakoming van die ooreenkoms.[38]

Maar ook van hierdie ambisieuse skema, wat teoreties soveel voordeel vir die Republiek ingehou het, sou niks teregkom nie. Na die mislukking van McCorkindale se eerste haweskema, het Pretorius besluit om self op te tree. Op grond van 'n hele aantal foutiewe veronderstellings, het die Staatspresident op 29 April 1868 by wyse van 'n proklamasie die grense van die Republiek ooswaarts uitgebrei sodat dit die Maputarivier en 'n strook grond van 'n myl breed aan weerskante daarvan tot waar dit in die Indiese Oseaan vloei, omvat het.[39] Ook hiervan het niks gekom nie, maar sonder voordeel was die President se voor-

37. V.R.B. 20 Mei 1869, art. 74.
38. V.R.B. 26 en 27 Mei 1869, artt. 88-109.
39. D. W. Krüger, a.w., p. 178.

barige optrede nie omdat as 'n gevolg van die Portugese protes wat die proklamasie uitgelok het, 'n eerste werklike amptelike gedagtewisseling tussen die regerings van Transvaal en Portugal plaasgevind het. Die twee regerings het mekaar in meer as een opsig beter leer ken sodat dit vir ons doel belangrik is om te vermeld dat as 'n gevolg van die gedagtewisseling en die traktaat wat daaruit voortgevloei het, die pad vir die Republiek oopgemaak is om sonder beperkings van enige aard van die bestaande hawe Lourenco Marques gebruik te maak.[40] Daarmee het die behoefte aan 'n eie hawe onmiddellik minder aktueel geword en is die ooreenkoms van Mei 1869 met McCorkindale op 'n heeltemal ander wyse benader. In 'n sekere sin het dit in die lig van die nuwe verstandhouding met die Portugese, vir die Republiek lastig geword om aan McCorkindale se haweskema gekoppel te bly en daarom het in wye kring 'n begeerte ontstaan om daarvan ontslae te raak.

Dit was vir die Republiek egter nie nodig om van kunsgrepe gebruik te maak om hom van die verpligtings wat met McCorkindale aangegaan is, los te wikkel nie. McCorkindale se kenmerkende opportunisme het voldoende geleentheid daartoe gebied. Teen die einde van 1870 het die Auditeur-generaal die transaksie wat oor die loop van jare tussen die regering en McCorkindale aangegaan is, deeglik ondersoek en 'n groot aantal ernstige leemtes aan die lig gebring. Gelde wat by wyse van afbetaling op grond aan die Republiek verskuldig was, was net gedeeltelik betaal. Belasting op plase is traag betaal sodat ook hiervoor 'n groot bedrag aan die staat verskuldig was. Omdat hierdie plase reeds op òf McCorkindale òf een van sy maatskapyye se naam getransporteer was, kon dit gebeur dat van die plase tot groot skade van die regering, verkoop word.[41]

Dit was verslae van hierdie aard wat die knoop deurgehaak het sodat die regering die Prokureur-generaal om advies gevra het wat sy verpligting ten opsigte van die jongste ooreenkoms met McCorkindale was. Nadat hy die ooreenkoms van Mei 1869 noukeurig bestudeer het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat „deze verbintenis door verloop van tyd in art. 17 bepaald, als vervallen moet beschouwd worden".[42] Wetlik was dit ook die posisie, sodat Transvaal sonder enige gewetenswroeging sy ooreenkoms met McCorkindale kon beëindig

Die kansellering van die kontrak het egter nie die laaste woord van die McCorkindale-avonture beteken nie. Dat die ondernemende Skot meer afgebyt het as wat hy behoorlik kon verteer, was, soos hierbo aangedui, nog voor die kansellasie van die kontrak, reeds baie duidelik. Gedurende Januarie 1871 het die staat, om sy regte te beskerm, sterk begin optree en is McCorkindale gelas om binne twee maande 'n bedrag van £3,000 aan die staat te betaal.[43] Voordat enigiets in die verband

40. D. W. Krüger, a.w., pp. 190-191.
41. R.1452/70: Auditeur-generaal aan goewermentsekretaris, d.d. Pretoria, 1 Desember 1870.
42. R.62/70: Fred Kleyn aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 9 Januarie 1871.
43. R.459/7: A. McCorkindale aan B. C. E. Proes, d.d. Pretoria, 13 Maart 1871.

kon gebeur, is hy op 1 Mei 1871 op die eiland Inyaka oorlede. Pas na sy dood het dit eers duidelik geword dat alles waarby hy betrokke was, in 'n betreklike wanordelike toestand agtergelaat is. 'n Eerste voorlopige ondersoek het aan die lig gebring dat hy die staat 'n bedrag van £3,984-3-0 verskuldig was — 'n skuld waarvoor sy weduwee volle verantwoordelikheid aanvaar het, maar gevra het dat aan haar 18 maande gegun sou word om die bedrag byeen te bring.[44]

Later toe sake volledig uitgepluis kon word, het dit geblyk dat hy òf sy maatskappye in werklikheid 'n bedrag van £8,487-16-0 aan die staat verskuldig was en dat in sy boedel geen fondse beskikbaar was om die verpligtings na te kom nie. 'n Lang gerekte geding het hieruit voortgespruit wat eers jare na sy dood tot die bevrediging van alle partye wat daarby betrokke was, geskik kon word.[45]

Prof. A. N. Pelzer.

*Bronnelys*

In die artikelreeks wat in *Historia* verskyn het en met hierdie artikel afgesluit word, is van die volgende bronne gebruik gemaak. (Dieselfde bronnelys is ook van toepassing op 'n artikel *Die vroegste pogings om 'n bank in die Suid-Afrikaanse Republiek op te rig en McCorkindale se optrede in verband daarmee*):


Arndt, E. H. D.: *Banking and Currency Development in South Africa (1652-1927)*. Juta & Co. Ltd., Cape Town and Johannesburg, 1928.

De Kock, W. J. (Hoofredakteur): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Nasionale Boekhandel*, Kaapstad, 1968.

Krüger, D. W.: *Die Weg na die See. Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938, Deel I.* Kaapstad, 1938.

Pelzer, A. N.: *Wordingsjare.* A. A. Balkema, Kaapstad, 1950.

Stuart, J.: *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika.* Amsterdam, 1854.

Wichmann, F. A. F.: *Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860. Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1941, Deel II.* Kaapstad, 1941.

*Koerante*

*De Oude Emigrant*, Potchefstroom.

*The Friend of the Sovereignty*, Bloemfontein.

*Ongepubliseerde verhandelinge*

Opperman, D. J.: *Die Geskiedenis van Ermelo vanaf sy stigting (1860) tot 1902.*

Van der Walt, H. R.: *Alexander McCorkindale en sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse Republiek.*


44. V.R.B. 1 November 1871, art. 246.
45. Vir besonderhede i.v.m. die geding en die skikking daarvan vgl. M.A.-verhandeling van H. R. van der Walt.

*Argivale bronne*

*Argiefbewaarplek, Pretoria*
Notule van die Volksraad, aangedui as V.R.B.
Argief van die Volksraad, aangedui as E.V.R.
Argief van die Staatsekretaris, aangedui as R.
Inkomende Stukke by die Volksraad, aangedui as V.R.

*Argiefbewaarplek, Kaapstad*
Argief van die Colonial Office, aangedui as C.O.
Argief van Government House, aangedui as G.H.

*Argiefbewaarplek, Bloemfontein*
Argief van die Colonial Office, aangedui as C.O.
Argief van Government House, aangedui as G.H.

*Public Record Office, Londen*
Argief van die Colonial Office, aangedui as C.O.
Argief van die Foreign Office, aangedui as F.O.

*Gepubliseerde amptelike stukke*
*De Locale Wetten der Z.A. Republiek (1849-1885).*
*Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel VI en VII.* Kaapstad, 1964.